Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2018/05/16	DATUM 2018/05/15			+ - LAST WEEK 2018/05/07	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data
DJIA-index	24657	-242.90	-1.0%	24899	3.0%	23930
Goud (Spot)	1293.72	-19.38	-1.5%	1313.1	-1.2%	1309.02
Brent $/vat	78.11	-0.36	-0.5%	78.47	6.5%	73.33
1 € / US$	1.1832	-0.01	-0.8%	1.1929	-1.2%	1.1971
1 US$ / ZAR	12.55	0.140	1.1%	12.41	-0.2%	12.58
Corn	R 1 987.14	36	1.8%	R 1 951.29	*CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day	
Wheat	R 2 275.23	18	0.8%	R 2 257.15	* CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day	
Soybeans	R 4 667.59	7	0.2%	R 4 660.21	* CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day	

Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)					
Corn Jul 18	402.20	2.80	0.7%	399.40	Daaglikse pariteitspryse gelewer in Randfontein
Wheat Jul 18	493.40	-1.60	-0.3%	495.00	
Soybeans Jul 18	1012.20	-9.80	-1.0%	1022.00	
PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit / Uitvoerpariteit
SORGHUM May '18	3103.00	0.00	0.0%	3103.00	3592.42 / 1727.23
WMAZ May 18	2085.00	39.00	1.9%	2046.00	4032.00 / 1891.00
WMAZ Jul 18	2116.00	40.00	1.9%	2076.00	3623.00 / 1941.00
WMAZ Sep 18	2169.00	39.00	1.8%	2130.00	3665.00 / 1982.00
YMAZ May 18	2178.00	31.00	1.4%	2147.00	3623.00 / 1766.00
YMAZ Jul 18	2181.00	0.00	0.0%	2181.00	3623.00 / 1941.00
YMAZ Sep 18	2257.00	31.00	1.4%	2226.00	3665.00 / 1982.00
SOY May 18	4501.00	40.00	0.9%	4461.00	6800.00 / 4581.00
SOY Jul 18	4571.00	37.00	0.8%	4534.00	6793.00 / 4493.00
SUN May 18	4560.00	-2.00	0.0%	4562.00	6060.00 / 4293.00
SUN Jul 18	4663.00	8.00	0.2%	4655.00	6793.00 / 4493.00
WHEAT May 18	3910.00	33.00	0.9%	3877.00	4569.00 / 2022.00
WHEAT Jul 18	3970.00	35.00	0.9%	3935.00	4855.00 / 2035.00
WHEAT Sep 18	3935.00	33.00	0.8%	3902.00	4855.00 / 2035.00

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

BY DIE GELD PUT OPSIE

	WM	YM
JULIE '18 TERMYNPRYS	R 2 116.00	R 2 210.00
PUT TREFPRYS	R 2 120.00	R 2 220.00
PUT PREMIE	R 66.34	R 72.38
MINIMUM SAFEX PRYS	R 2 053.66	R 2 147.62

WEEK NR. 2	MIELIE UITVOERE WM	YM	TM
WEEK TOTAAL	12 095	3 612	15 707
JTD TOTAAL	75 378	6 082	81 460
UITVOERBAAR	1 630 000	2 550 000	4 180 000
JTD AS % VAN UITVOERBAAR	5%	0%	2%
TEMPO/WEEK BENODIG	31 092	50 878	81 971
	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS		
WEEK TOTAAL	13 573	15 034	28 607
JTD TOTAAL	101 184	122 166	223 350
NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 379 660	5 797 150	12 176 810
% GELEWER VAN OES	2%	2%	2%
TEMPO /WEEK BENODIG	149 488	135 119	284 606
	KORING INVOERE		
	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM
WEEK TOTAAL	16 230	-	12 087
JTD TOTAAL	1 169 837	471 152	954 751
TOTAAL BENODIG	1 930 000	930 728	1 622 999
JTD AS % VAN BENODIG	61%	51%	59%

Markoorsig: Die rand het gister weer skerp onder druk gekom en het verswak teenoor die doller en verhandel vanoggend teen ongeveer R12.54/$, terwyl dit gister met marksluiting teen R12.42/$ verhandel het. Die verswakking van die rand kan hoofsaaklik toegeskryf word aan internasionale faktore wat die versterking van die Amerikaanse doller insluit nadat die Amerikaanse kleinhandel verkope data wat gister bekend gemaak was, positief was en die doller ondersteun het. Op die kommoditeitsfront verhandel die Brent ru-olieprys steeds sterker en verhandel die olieprys vanoggend teen 78./vat. Die hoër olieprys en swakker rand is nie gunstig vir die plaaslike brandstofpryse nie.

Mielies internasionaal: Die Amerikaanse mieliemark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel hoofsaaklik as gevolg van reën wat weer verwag word oor groot gedeeltes van die Mid-weste en wat weer die aanplantings kan vertraag. Die aanplantings in die VSA het die afgelope week goed opgevang met die 5 jaar gemiddelde tempo van die aanplantings en dit was in die nuutste weeklikse USDA verslag gerapporteer om 62% voltooi te wees terwyl die 5 jaar gemiddelde tempo teen hierdie tyd van die seisoe 63% voltooi is. Die weeklikse USDA verslag het ook aangedui dat 28% van die mielies reeds ontkiem het, terwyl die 5 jaar gemiddeld 27% ontkiem is teen hierdie tyd van die seisoen. Die Amerikaanse mieliemark behoort in die volgende twee tot drie weke steeds baie sensitief te wees vir die weerstoestande met die aanplantings wat voortduur. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister ondersteuning gevind en sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is van beide wit- en geelmielies. In gister se weeklikse uitvoerverslag wat deur SAGIS bekend gemaak word, is die weeklikse WM uitvoere op 12 095 ton gerapporteer en die YM uitvoere op 3 612 ton. Die totale uitvoere na die 2de week van die 2018/19 bemarkingseisoen is 81 460 ton.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister gemeng verhandel met die mark wat aanvanklik onder druk gekom het, maar later ondersteuning gevind om effens sterker af te sluit. Beide die Julie en Augustus kontrakte het effens sterker verhandel. Die sojaboon aanplantings in die VSA het goed gevorder en die hoeveelheid sojabone wat reeds aangeplant is, is aansienlik meer as die 5 jaar gemiddeld teen dieselfde tyd van die seisoen. Die VSA se sojaboon aanplantings is op 35% voltooi gerapporteer terwyl die 5 jaar gemiddelde tempo teen hierdie tyd van die seisoen op 26% voltooi is. Die hoeveelheid sojabone wat reeds ontkiem het is op 10% gerapporteer terwyl die 5 jaar gemiddeld teen hierdie tyd van die seisoen ongeveer 6% is. Die hoeveelheid sojabone wat gedurende April gepers was vir olie en oliekoek produksie in die VSA was ook 'n rekord vir die maand en die USDA se jaarlikse skatting is moontlik te laag. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in al die kontrak maande wat tans gelys is. Die mark het ondersteuning gevind met die rand wat skerp verswak het deur die loop van die verhandeling sessie.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel nadat dit die afgelope 4 dae laer gesluit het. Die mark het ondersteuning gevind met kopers wat na die mark getree het, aangesien die mark goeie koopvlakke bereik het. Beide die winterkoringmarkte asook die lentekoring mark het gister sterker verhandel. Die lentekoring aanplantings het ook goed gevorder die afgelope week en dit word nou op 58% voltooid gerapporteer. Die 5 jaar gemiddeld teen hierdie tyd van die seisoen is 67% voltooi. Die winterkoring produksietoestande het met 2% verbeter vanaf die vorige week se skatting en dit word nou 36% goed tot uitstekend geskat. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister ook goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. In gister se weeklikse SAGIS in-en uitvoerverslag was die koring invoere vir die week op 16 230 ton gerapporteer nadat daar vir die afgelope 7 weke niks koring invoere gerapporteer was nie. Die totale invoere vir die seisoen tot dusver is 1.17 miljoen ton.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Luan van der Walt en Ikageng Maluleke* / ***Vir navrae, kontak****: luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.